Precept™

Voorskrif op Voorskrif

AFR20

# Jesaja

**Deel 02 van 02 // Troos My Volk**

Verkry 'n innige kennis van God. Verander jou lewe.

Groete van Precept

Ons is so bly dat jy besluit het om God se Woord te bestudeer. Daar lê 'n opwindende tyd vir jou voor om meer te leer oor God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat jy met Hom het. Ons is seker dat God se Woord vir jou die kennis en motivering sal bied om waardig in Jesus se roeping te wandel. Net so is ons ook seker dat jy persoonlik uitgedaag, aangemoedig en verander sal word deur die krag van sy bonatuurlike Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat ons jou kan vertel van al die wonderlike dinge wat God deur Precept doen. Sal jy met ons in verbinding bly? Ons wil graag hoor hoe God jou aangeraak het deur die induktiewe studie van sy Woord.

Besoek ons *Precept Africa*-tuisblad by www.precept.org.za of vind ons op *Facebook* by *Precept Africa*.

Ter afsluiting wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord en ***"Lê jou daarop toe om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, as 'n arbeider wat hom nie hoef te skaam nie, wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui"*** (2 Timoteus 2:15, *Die Bybel, Afrikaanse 2020-vertaling*). Ons deel 'n spesiale band met jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor.

Die Precept-span

VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

# *Jesaja*

DEEL 2

TROOS MY VOLK

Hierdie is ’n spesiale Precept-uitgawe.
Oorspronklik in Engels gepubliseer onder die titel
ISAIAH PART 2
COMFORT MY PEOPLE
© 2008, 2013 Precept Ministries International.

VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

JESAJA DEEL 2

TROOS MY VOLK

1ste Uitgawe © 2023 Precept South Africa

Precept, Precept Ministries International, Precept Ministries International: The Inductive Bible Study People, die Plumb Bob-ontwerp, Precept Upon Precept, In & Out, Sweeter than Chocolate!, Cookies on the Lower Shelf, Precepts For Life, Precepts From God’s Word en Transform Student Ministries is handelsmerke van Precept Ministries International.

ALLE REGTE VOORBEHOU
Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.
Gebruik met toestemming.

Tensy anders vermeld, is alle Bybelaanhalings uit Die Bybel, Afrikaanse 2020-vertaling (AFR 20).
Gebruik met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

PRECEPT SOUTH AFRICA
Ringwoodrylaan 187 | Pinelands | 7405 | Suid-Afrika
www.precept.org.za | support@precept.org.za
Tel. +27 (021) 531-1836

Gedruk in Suid-Afrika
Mei 2023

# INHOUD


| BLADSY | LESSE |
|---|---|
| 1 | LES EEN: Hoofstuk 40-41 |
| 17 | LES TWEE: Hoofstuk 42-44 |
| 29 | LES DRIE: Hoofstuk 45-46 |
| 37 | LES VIER: Hoofstuk 47-50 |
| 49 | LES VYF: Hoofstuk 51-53 |
| 59 | LES SES: Hoofstuk 54-57 |
| 69 | LES SEWE: Hoofstuk 58-60 |
| 79 | LES AGT: Hoofstuk 61-63 |
| 91 | LES NEGE: Hoofstuk 64-66 |
| | BYLAAG |
| 103 | Waarnemingswerkblaaie |
| 243 | Jesaja-oorsigwerkblad |
| 247 | Kaart |
| 248 | Jesaja-tydlyn |
| 250 | Hoe om 'n hoofstukstudie te doen |
| 252 | Oor Precept |

## NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY; ARTHUR, DAVID; DE LACY, PETE
How to Study Your Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 1994/2010*

The New Inductive Study Bible – The New American Standard Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2000*

Hebreeuse woordstudies

## AANBEVOLE KOMMENTARE

GAEBELIEN, FRANK E.
The Expositor's Bible Commentary, Volume 6
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishers, 1990*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

Logos Bybelsagteware
Kragtige soekenjins met tot 4 000 elektroniese Bybelstudiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse woordeboeke ens.) maak dit vinnig en maklik om eenvoudige en komplekse soektogte van veelvoudige bronne te doen en saam te vat in 'n sistematiese en geordende aanbieding – Dis ideaal vir woord- en onderwerpstudies gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

*Precept South Africa*
*Ringwoodrylaan 187,*
*Pinelands, 7405, Suid-Afrika*



# LES EEN
# Hoofstuk veertig en een en veertig

Hierdie les sluit in:

In die bylaag:
- Waarnemingswerkblaaie van Jesaja 1, 40, 41
- Jesaja-tydlyn
- Jesaja-oorsigwerkblad

Kruisverwysings
Woordstudies

## TROOS, TROOS MY VOLK

**Wat 'n voorreg – om deur God geroep te word om sy volk te troos, veral as jy ook die boodskapper van sy misnoeë en sy naderende oordeel is.**

**As jy Jesaja Deel 1 (hoofstuk 1-39) gedoen het, het jy die streng toon aangevoel – soos 'n vader wat met sy kind praat voordat hy hom pak gee.**

**Die toon van die tweede segment wat jy nou gaan bestudeer, hoofstuk 40-66, is heeltemal anders. Dit is amper soos na die pak slae – wanneer jou Vader jou in sy ewigdurende arms neem en jou nader trek sodat jy sy hartklop kan hoor terwyl jou kop op en af beweeg saam met elke ewige asemteug.**

## DAG EEN

*Voor ons begin, wil ons jou graag vertel hoe verskriklik bly ons is dat jy hierdie segment van Jesaja doen. Ons sou so hartseer wees as jy hierdie ongelooflike deel van Jesaja misgeloop het. Dit is so gevul met waarhede wat jy nodig het om die dae wat voorlê te oorleef. En dit is gevul met beloftes. Besef jy dat geen ander Ou Testamentiese profeet meer keer as Jesaja in die Nuwe Testament deur die Seun van God aangehaal word nie?*

*Oor die afgelope twee jaar het ons ure, dae en weke aan hierdie hoofstukke bestee deur eenvoudig onsself in die Woord van God te koester – vas te hou aan elkeen van sy woorde. Dit is die moeite werd as die lewe soms verrassende en moeilike draaie maak! Jy sal vind dat die lewe met vreugde hanteer kan word omdat jy weet dat jy 'n dieper*

© 2023 Precept South Africa 

*kennis het van wie God is en wat gaan gebeur wanneer die koninkryke van hierdie aarde die koninkryk van ons Christus word.*

*Ons is so opgewonde om jou onthalwe! Jy gaan so toegerus wees, so versterk word, so gereedgemaak word vir die dae wat voorlê terwyl jy beter leer verstaan wat dit beteken dat God jou Here is, jou Heilige Een, jou Koning – dat daar geen ander is nie. En daar hoef nie te wees nie!*

1. Ter voorbereiding vir hierdie week se studie van Jesaja 40 en 41, lees die Waarnemingswerkblad van Jesaja 1 in die bylaag. Dit sal vir jou die konteks gee vir die tweede segment van Jesaja. Lees Jesaja 1 en kleurkodeer die sleutelonderwerpe in breë kleursegmente. Dit sal jou help om te fokus op die groter prentjie.
   a. Die *Here* met geel
   b. *Israel* met blou
   c. *sonde* (*ongehoorsaamheid, mislukking, skynheiligheid* ens.) met bruin
   d. verwysings na die *toekoms* met pienk.

2. Kyk na waar jy *Israel* gemerk het. In watter toestand is hulle?

3. Kom ons maak nou seker jy ken die noodsaaklike wie en wanneer van Jesaja. Lees Jesaja 1:1-2. Let op die antwoorde op hierdie W-vrae hieronder.
   - Wie praat en namens wie?
   - Met wie? Op wie is hierdie visioen van toepassing?
   - Wanneer is dit gegee?

4. Kyk na die Jesaja-tydlyn aan die einde van hierdie boek.
   a. Stel vas waar die konings wat in Jesaja 1 genoem word op die tydlyn aangedui word.
   b. Lees Jesaja 6:1 en 14:28. Wie van diegene wat in Jesaja 1:1 genoem word, gaan dood? Skryf hulle name neer.


© 2023 Precept South Africa

c. Lees nou Jesaja 39:1-8. Skryf die naam neer van die koning van Juda van hierdie tyd en die naam van die vreemde mag wat hom besoek. Let ook op wat Jesaja sê gaan gebeur wat die vreemde mag en Israel betref. (Terloops, Jesaja 36-39 fokus op 'n deel van hierdie koning se heerskappy.)

d. Kyk ten slotte na die tydlyn en maak 'n lys van die drie stadiums van Juda se gevangenskap.

e. Profeteer Jesaja voor of na die gevangeskap?

*Wonderlik! Jy is gereed om môre met Jesaja 40 te begin. Onthou net, getroue student, hierdie is slegs 'n verbintenis van nege weke. Jy kan dit doen. In die dae, maande en jare wat voorlê, sal jy vind dat dit 'n belegging is wat baie vrugte vir jou toekoms sal oplewer.*

## DAG TWEE

Ons begeerte vir jou Geliefde, is dat *jy* God sal ontmoet deur hierdie studie – vir *jou* om te hoor en weet wat hierdie hoofstukke *sê*. Daar is soveel verskillende interpretasies van Jesaja, benaderings, insigte en veronderstellings dat ons baie maklik deurmekaar kan raak. Ons haas ons na die "betekenis" – na ander se insigte – en kyk dan die boodskap mis. Het enigiemand al ooit vir jou gesê: "Maar dit is nie wat ek gesê het nie!"? Dit kan ook met God gebeur. Wonder jy ooit hoe dikwels ons God verkeerd verstaan net omdat ons nie gehoor het wat Hy gesê het nie? Of omdat ons na iemand anders se opinie van God en die lewe geluister het?

Ons doel met die volgende nege weke is dat jy God sal hoor. Dat jy sy woorde sal geniet. Om te weet wat Hy sê. En dan geduldig te wag om te verstaan.

Daarom sal ons een doel wees om ons in die teks te verdiep. Daarmee saam sal 'n openbaring van die waarheid kom – op sy tyd. Dit is net soos die ontvouing van 'n blomknop, kroonblaar na kroonblaar, die vorm en prag van die blom vertoon en jy in verwondering sal staan en die wonderlike en verruklike kern van die blom sal waarneem. Die kern van die teks sal die Messias wees – die HERE se dienskneg, die Verlosser – in sy heerlikheid.

Ontspan dus. Geniet die openbaring en asem die soet aroma in van die geur van die Messias, die Christus, wat God *Jesus* sal noem.

© 2023 Precept South Africa

***Jesaja Deel 2***
*Les 1, Jesaja 40-41*

1. Voordat ons Jesaja 40 verken, moet jy eers 'n bladwyser met die volgende sleutelwoorde maak. Kleurkodeer dit soos wat jy hulle wil merk. Jy kan die agterkant van die bladwyser op die agterblad van jou Precept-boek gebruik. Voorstelle oor hoe sekere woorde wat dikwels gebruik word, gemerk kan word, is aan die voorkant van die bladwyser. **Sleutelwoorde** is woorde wat dikwels herhaal word en help om die betekenis van die teks te ontsluit. As hierdie woorde weggelaat word, sal die teks sy betekenis verloor. Die bladwyser sal altyd byderhand wees as verwysing vir Jesaja Deel 2. Maak dit groot genoeg sodat jy meer woorde kan byvoeg namate jy vorder. *Vir die van julle wat meer hulp benodig met die merk van die sleutelwoorde, het ons 'n paar voorstelle gemaak oor hoe jy die woorde sou kon merk. Let daarop dat dit slegs voorstelle is.*

    a. *Jerusalem*, *Sion* (diamantgekleurde blou)
    b. *nasies* (kleur dit groen in en onderstreep met bruin)
    c. *skuld, sonde* (kleur dit bruin in)
    d. *troos* (pienk wolk)
    e. *heerlikheid*
    f. enige verwysing na die *koms van die HERE* (pers wolk wat ligblou ingekleur is met geel in die middel)
    g. *afgodsbeeld* (groot swart **A** oor die a van afgod)
    h. *wag* Jy moet kyk wat God sê oor wag en hulle wat wag.
    i. *Skepper* (enige verwysing na God as Skepper) Dit is baie belangrik, want dit is die oorheersende tema met verwysing na God.
    j. Jy wil dalk alle verwysings na *God* inkleur. (Kyk na die voorkant van die sleutelbladwyser vir 'n voorstel hoe om dit te merk.) Deur dit te doen en dan te sien wat jy leer deur elke gebeurtenis, sal jou help om jou eie sistematiese teologie te ontwikkel oor God as persoon.
    k. *bang* (Wees op die uitkyk na die frase "Moenie bang wees nie.")

2. Voltooi nou jou Waarnemingswerkblaaie van Jesaja 40. Gesels eerste met die Skrywer. Sê vir Hom dat jy wil hoor wat Hy sê, dat jy nie 'n enkele waarheid wat Hy vir jou het, wil misloop nie. Die Waarnemingswerkblaaie van Jesaja 40 is in die bylaag.

    a. Merk die sleutelwoorde, hul sinonieme en voornaamwoorde op jou sleutelwoordbladwyser. As jy dit al vantevore gedoen het, weet jy dat die merk van sleutelwoorde jou help fokus op dit wat God sê en om dit te onthou.

 © 2023 Precept South Africa

b. Merk al die verwysings na tyd op ’n duidelike manier. Kyk na die voorkant van jou sleutelwoordbladwyser vir voorstelle hoe om dit te merk.

c. Trek ’n dubbele groen streep onder alle woorde wat na plekke verwys. LET OP: Jy sal alle verwysings na tyd (wanneer) en geografiese plekke (waar) deurgaans wil merk. As dit die eerste keer is wat jy ’n Precept-Bybelstudie doen en jy wil onthou om hierdie woorde te merk, skryf dit op jou sleutelwoordbladwyser.

d. Terwyl jy die teks verken, skryf LVL (Lesse vir Lewe) in die kantlyn as iets tot jou spreek en skryf neer wat jy daaruit leer. Terloops, gebruik ’n goeie potlood – dit stel jou in staat om jou aantekeninge sonder moeite uit te vee en/of te skuif.

3. Kyk weer na dit wat jy gemerk het. Kies een van die woorde wat jy gemerk het. Wat leer jy oor die gebruik van die woord in die teks? Beantwoord dit enige van die 5 W- en H-vrae: wie, wat, wanneer, waar, waarom en hoe? Kyk byvoorbeeld na *troos* en stel vas wat jy geleer het deur die woord te merk.

   a. Wie moet getroos word?

   b. Wie gee die opdrag dat hulle vertroos moet word?

   c. Wie het die behoefte om getroos te word vasgestel of geskep?

   d. Hoe moet hulle getroos word?

   e. Kyk nou na die ander woorde wat jy gemerk het. Kyk wat jy oor hulle raaksien.

4. ’n Laaste insig. Namate jy die tweede helfte van Jesaja verken, sal jy sien dat God dikwels Jakob en Israel kombineer. Dit impliseer dat die hele nasie nog voor Hom is; Hy het nie die Noordelike Koninkryk verwerp nie, alhoewel hulle in die tweede segment van Jesaja in ballingskap verkeer. Die ballingskap vind plaas tydens die sesde jaar van Hiskia, die koning van Juda, die negende jaar van Hosea, koning van Israel. Jesaja 36-39 vind plaas na die Assiriese ballingskap van die Noordelike Koninkryk van Israel.

© 2023 Precept South Africa

Die kombinasie van Jakob en Israel wat 'n paar keer in Jesaja 1-39 voorgekom het, kom meer dikwels voor in Jesaja 40-66. Jy mag dit dalk wil merk of ten minste aandag daaraan gee.

*Ons wil nie hê jy moet uitgeput raak nie. Hou op wanneer jy dit nodig vind. Daar is môre nog baie om te leer. As afronding van jou studietyd kan jy dit oorweeg om met God te praat oor dit wat jy raakgesien het – jou vrae – wat Hy ook al op jou hart lê. Terloops, dis altyd goed om hardop met Hom te praat. Dit help jou om te fokus.*

*Nogmaals dankie dat jy die waarheid vir jouself wil ontdek. Dit is 'n baie bevredigende proses en 'n antwoord op Jesus se gebed vir jou (Johannes 17:17) toe Hy Homself voorberei het om aan die kruis te sterf vir jou sonde. Terloops, dit is sy dood wat dit moontlik maak dat die Trooster in jou kan woon! Lees Johannes 14:16. Die woord Trooster of Helper (Parakleet) is "Parakletos" in Grieks en word gebruik vir iemand wat geroep is om langs iemand anders te wees as hulp of trooster.*

*Kan jy sy hartklop vir jou hoor?*

## DAG DRIE

1. Nadat jy gebid het, lees Jesaja 40 sodat jy weer die teks kan deurgaan en die woorde wat jy gemerk het, kan hersien.
2. Lees Jesaja 40:1-11. Onderstreep elke verwysing na *praat, 'n stem, gespreek, roep uit/uitroep, verhef jou stem, sê*. Beantwoord dan die vrae wat volg deeglik.
    a. Wat moet in 40:1-2 gesê word?

    b. Wat is die stem wat uitroep in Jesaja 40:3-5? Of om dit anders te stel, wat word gesê?

    c. Wat is die uitroep, die boodskap van Jesaja 40:6?

    d. Wie moet praat in Jesaja 40:9, wat is die boodskap en aan wie moet dit gesê word?


© 2023 Precept South Africa

e. Oordink jou waarnemings ten opsigte van hierdie stemme (boodskappe). Het enigeen van hulle iets gemeen? Indien wel, wat?

3. Doen 'n woordstudie van die Hebreeuse woord vir *heerlikheid* in vers 5.

a. Wat leer jy deur die merk van die verwysings na die openbaring van die Here se heerlikheid, die koms van die Here God in Jesaja 40:1-11?

b. Kry jy enige moontlike insigte deur die verwysing na die heerlikheid van die Here in Jesaja 40:5 as jy dit vergelyk met Johannes 1:14? Teken jou insigte aan.

4. Kom ons doen kruisverwysings. Skryf neer wat jy waarneem as jy Jesaja 40:3-6 vergelyk met:

a. Maleagi 3:1 en Maleagi 4:5-6

© 2023 Precept South Africa

b. Mattheus 3:1-3, Markus 1:1-3, Lukas 3:4-6 en Johannes 1:23 (As God dit in al vier Evangelies herhaal, hoe belangrik dink jy is dit?)

c. Skryf **Jesus** langs Jesaja 40:3-5 (en ook in jou Bybel as jy wil), gevolg deur die tyd in Jesus se lewe of bediening waarna die profesie verwys en maak 'n lys van die Nuwe-Testamentiese verwysings. **Doen dit dwarsdeur hierdie studie. Jy sal verstom wees oor wat jy sien**.

5. Vergelyk Jesaja 40:10 met Openbaring 22:12. Wat sien jy? (Skryf weer **Jesus** in die kantlyn en maak 'n lys van wanneer dit in Jesus se bediening sal plaasvind en skryf die Nuwe-Testamentiese verwysing neer.)

6. Lees nou Jesaja 40:12-31. Teken hieronder aan wat in elke paragraaf hanteer word. Kyk wat God in hierdie stadium besig is om te doen. Bedink met wie God praat en wat Hy tot dusver in hierdie hoofstuk gesê het.

a. Jesaja 40:12-17


© 2023 Precept South Africa

b. Jesaja 40:18-20 (let op die kontras in hierdie paragraaf)

c. Jesaja 40:21-26

7. In Jesaja 40:12-26 gebruik God 'n stel vrae en stellings om sy volk te laat nadink oor wie Hy is. Dan kom Jesaja 40:27-31. Wat is God se fundamentele voorwaarde en vir wie?

8. God praat in Jesaja 40:31 weer daaroor om op Hom te wag. Om te wag is nie maklik nie, of hoe? Ons is mense van aksie. Mense wat nóú wil hê wat ons wil hê. En wat kan ons verby ons ongeduld help? Dit wat ons gesien het – om te onthou wie God is!

   Wag, *qavah*, in Hebreeus beteken in Engels "to look for, hope, expect … to wait or look eagerly for."[1] Dink aan Jesaja 40:31 in die lig hiervan.

   As jy Jesaja Deel 1 gedoen het, het jy gekyk na verwysings na wag op God. Dit sal goed wees om weer na 'n paar van hulle te kyk en daaraan herinner te word waarom ons moet wag en/of wat gebeur met hulle wat op God wag. Skryf neer wat jy oor elkeen van hulle leer.

1 .James Strong, *Enhanced Strong's Lexicon* (Bellingham, WA: Logos Bible Software, 2001). H6960.

© 2023 Precept South Africa

a. Jesaja 25:9

b. Jesaja 33:2

9. Waarom oorweeg jy dit nie om Jesaja 40:31 te memoriseer nie? Skryf dit op 'n kaart en lees dit drie maal na mekaar hardop op drie verskillende tye van die dag. Om dit nege keer per dag hardop te sê, sal tot gevolg hê dat jy dit altyd sal onthou. Dan sal die Gees van God daaroor beskik om jou daaraan te herinner wanneer jy nodig het om op God te wag – om op Hom alleen te hoop. Hy is genoeg!

10. Teken die hooftema van Jesaja 40 aan op die Jesaja-oorsigwerkblaaie in die bylaag onder hoofstuktemas. Dit sal 'n waardevolle tabel word wat jou sal help om die inhoud en vloei van die inligting in Jesaja te sien. (Terloops, as jy nie weet hoe om dit te doen nie, slaan dit na in die boek, The New How to Study the Bible.[2])

11. Kom ons dink ten slotte wat "toepassing" inhou. Wat het God in jou gedagtes en in jou hart gedoen? Het Hy op enige manier met jou gepraat? Vrae in jou gedagtes laat ontstaan? Jou hart aangeraak? Wat het jy gehoor (geleer) deur na sy stem te luister? En watter verskil kan dit maak indien jy in die lig daarvan lewe? Sal dit enigiets verander? Sal dit God tevrede stel? Praat met God daaroor.

## DAG VIER

1. Neem vandag Jesaja 41 waar. Voeg die volgende by op jou sleutelwoord-bladwyser en merk hulle soos die woorde wat reeds op jou bladwyser is.
   a. *dienskneg* – let op wie die dienskneg is en wat jy oor hom leer.
   b. *losser* – verlossing, verlosser en verlos is sleutelwoorde in hierdie tweede segment van Jesaja. Jy moenie 'n enkele verwysing oorslaan nie.
   c. *seëvierende* (vers 10) ("righteous")
   d. *uitgekies*

2. U kan *The New How to Study the Bible* in ons aanlynwinkel koop by shop.precept.org.za, of skakel ons by +27 (0)21 531-1836.


© 2023 Precept South Africa

e. *aangekondig* (in enige vorm as dit ’n aankondiging van God is)

f. *luister, hoor* of *nie hoor nie*. Ons merk dit gewoonlik met ’n oor soos hierdie . Trek dan ’n streep daardeur () as hulle doof is of nie hoor nie of weier om te luister.

g. As jy Jesaja Deel 1 gedoen het, weet jy dat *die Heilige van Israel* slegs in die boek Jesaja as Godsbenaming gebruik word. Die enigste uitsondering is ’n paar plekke in ander boeke – in Psalms (3x), Jeremia (2x) en een keer in 2 Konings 19:22. Daarom is dit goed om dit op ’n onderskeibare manier te merk.

h. *water(s) (riviere, dors, waterbronne, waterryk)* merk ons met ’n blou streep soos golwe bokant die woord: **water**.

i. *wat gaan gebeur* – woorde wat verwys na toekomstige gebeure – onderstreep in ’n onderskeibare kleur.

2. Lees nou weer Jesaja 41. Maak seker jy het alle verwysings na tyd en geografiese plekke gemerk. Slaan die Hebreeuse woord vir *Verlosser (Losser)* na. Verwysings na verlossing en ’n verlosser gaan baie belangrik wees in die tweede deel van Jesaja; daarom moet jy aandag gee aan die gebruik en die betekenis daarvan. Skryf die Hebreeuse woord en sy definisie neer. As jy nie seker is hoe om ’n woordstudie te doen nie, verwys na die boek *How to study the Bible* of vra jou leier of ’n ander student om jou te help.

© 2023 Precept South Africa

3. Dink na oor wat in Jesaja 41 gebeur en die verband met Jesaja 40 om die dag mee af te sluit. Teken die tema van Jesaja 41 aan op die **Jesaja-oorsigwerkblad.**

*Jy vaar goed, Geliefde. Nog een dag en dan het jy die eerste week van jou studie voltooi. Is jy verstom oor dit wat jy van God leer? Is dit jou Vader? Leef jy daarvolgens?*

## DAG VYF

1. Nader God in gebed en vra sy hulp om Jesaja te begryp en lees dan Jesaja 40 en 41. Let op die vloei van die teks en dink in terme van "konteks", die plasing van Jesaja 41. Kom ons kyk wat gebeur – wat God besig is om te doen. Let op wat in die volgende verse gebeur:

   a. Jesaja 41:1

   b. Jesaja 41:2-4

   c. Jesaja 41:5-7

   d. Jesaja 41:8-16


© 2023 Precept South Africa

e. Jesaja 41:17-20 – Kom ons kyk eers na hierdie gedeelte soos hieronder voorgestel en dan kan jy daarna jou verduideliking van wat gebeur, neerskryf.

1) vers 17 – Wat is die toestand?

2) vers 18-19 – die antwoord?

3) vers 20 – die eindresultaat?

*Is jy in 'n soortgelyke toestand, Geliefde? Enige insig in wat jy moet doen? glo? aan vashou?*

f. Jesaja 41:21-24

g. Jesaja 41:25-29

© 2023 Precept South Africa

2. Hersien wat jy nou net geskryf het en dink na oor wat God in Jesaja 41 doen en waarom Hy dit doen. *Waarom* is belangrik. Israel is God se verbondsvolk (onthou sy verbond met Abraham, Isak, Jakob en sy nageslag); ’n volk wat Hy nooit sal verlaat nie, alhoewel Hy hulle moet berispe. Wat wil God hê moet hulle sien, weet en doen? Dink daaroor, Geliefde.

3. Soos wat jy in Jesaja 41:1 gesien het, praat God eerste met die eilande. Wie/wat is die eilande? Hulle word meer kere in Jesaja genoem as in enige ander Bybelboek. As jy na die parallelisme[3] in 41:1 en 5 kyk, is dit duidelik dat dit na alle volke verwys – duidelik almal tot aan die eindes van die aarde. Indien dit waar is, sluit dit jou en jou volksgenote in. Wat leer jy dus uit Jesaja 41 oor die eilande? Hoe word hulle beskryf? Wat doen hulle? Wat is God se boodskap aan hulle? Wat gaan met hulle gebeur? Dalk moet jy ’n lys maak van alles wat jy waarneem.

4. Wie word in Jesaja 41 met die eilande gekontrasteer en wat is die verskil tussen die twee? Dink daaroor. Wat is die belangrikste punt wat God in hierdie hoofstuk maak?

3. Hebreeuse poësie bevat dikwels “parallelismes” tussen een reël of gedeelte en die volgende reël of gedeelte. ’n Idee word ’n tweede keer uitgespreek of aangevul in die tweede reël of gedeelte, of een idee word gekontrasteer met ’n ander.


© 2023 Precept South Africa

5. God sê Hy het een uit die ooste opgewek (41:2) en een uit die noorde (41:25). Dui die teks vir jou aan wie hulle is? Indien nie, moenie daaroor spekuleer nie – wag. **Bly in hierdie stadium weg van kommentare omdat hulle bloot net hulle opinies lug**. Ons kan later daarna kyk. Kyk net wat God wil hê jy nou moet weet. Moet Hom nie verkeerd verstaan nie: dit gaan nie oor *wie* dit is nie; Hy sou dit vir jou duidelik gemaak het as dit baie belangrik was dat jy dit weet. Stel liewer vas waarom Hy praat van uit die ooste, die noorde opwek? Met wie praat Hy elke keer? Wat wil Hy hê moet "hulle" weet?

6. Afgod is op jou bladwyser. Die woord *afgod* word nie in hierdie hoofstuk gebruik nie. Merk nietemin die woorde wat na afgode verwys en stel vas waarom en hoe daar na hulle verwys word en wat jy daardeur leer.

© 2023 Precept South Africa

7. Ten slotte, getroue een, is daar ’n les vir jou in God se les vir Israel? ’n Toepassing? Is die God van Israel God van die kerk? Van hulle wat in die Messias geglo het? Wat beteken dit dan vir jou – vandag … en môre? Is daar enigiets wat God se plek in jou lewe verdring het? Kan dit beskou word as ’n afgod? Skryf jou toepassing neer sodat jy dit swart op wit kan sien en daaroor kan dink.

*Jy het so pas jou eerste les voltooi! Ons is trots op jou. Druk deur!*


© 2023 Precept South Africa

## JESAJA-OORSIGWERKBLAD

| Segmentverdelings | | | Hoofstuktemas |
|---|---|---|---|
| Sonde van Juda en Jerusalem, komende oordeel en herstel | DISKOERSE MET BETREKKING TOT JERUSALEM | GOD SE KARAKTER EN OORDEEL | **1** Julle het die Heilige Een van Israel verag |
| | | | **2** In die laaste dae kom die nasies na Sion |
| | | | **3** God se hangende oordeel oor Jerusalem |
| | | | **4** Die loot van die Here sal pragtig wees |
| | | | **5** Wee die wingerd van die Here |
| JESAJA SE VISIOENE EN ROEPING | | | **6** Jesaja se visioen, belydenis en opdrag |
| Oordeel oor Efraim, dan Assirië/Israel se herstel | | | **7** Agas ingelig oor Assiriese aanval en Immannuel |
| | | | **8** Vinnige buit, maar God is met ons |
| | | | **9** Lig vir hulle in duisternis – ’n Kind is gebore / sy toorn |
| | | | **10** Wee vir Assirië / ’n oorblyfsel sal terugkeer |
| | | | **11** ’n Loot van Jesse/’n Hoofweg vir die oorblyfsel |
| | | | **12** God is my redding: Die Heilige Een is in ons midde |
| Orakels van oordeel teen nasies | ORAKELS | | **13** Orakel re: Babilon – gebruik en vernietig deur God |
| | | | **14** Bespotting van koning van Babel (orakel teen Filistea) |
| | | | **15** Orakel re: Moab |
| | | | **16** Weeklag van Moab |
| | | | **17** Orakel re: Damaskus / Gebeure op daardie dag |
| | | | **18** Woord aan Kus (Ethiopië) |
| | | | **19** Orakel re: Egipte en sy toekomstige geloof |
| | | | **20** Assirië sal ballinge weglei uit Egipte en Kus |
| | | | **21** Orakel re: die woestyn by die see, Edom en Arabië |
| | | | **22** Orakel re: Dal van die Visioen / sleutel van Dawid |
| | | | **23** Orakel re: Tirus |
| Vernietiging van die aarde/die Here sal regeer op Berg Sion | DISKOERSE MET BETREKKING TOT DAARDIE DAG | | **24** Wanneer die Here die land volledig vernietig |
| | | | **25** Wanneer die Here se hand op die berg rus |
| | | | **26** Die pad van die regverdiges |
| | | | **27** Die dag waarop Hy die Levitiane straf |

© 2023 Precept South Africa

## *Jesaja Deel 2*
*Jesaja-oorsigwerkblad*

<table>
<tr><th colspan="3">Segmentverdelings</th><th>Hoofstuktemas</th></tr>
<tr><td rowspan="5">Weë / die koms van die Koning en Koninkryk</td><td rowspan="6">WEË</td><td rowspan="12">GOD SE KARAKTER EN OORDEEL</td><td>28 Wee die trotses/Fondamentklip wat in Sion gelê sal word</td></tr>
<tr><td>29 Wee, O Ariël (Sion)</td></tr>
<tr><td>30 Wee aan die koppiges wat hulle eie planne volg</td></tr>
<tr><td>31 Wee aan die wat na Egipte gaan – Keer terug na Hom</td></tr>
<tr><td>32 Wanneer die koning regverdig regeer</td></tr>
<tr><td rowspan="3">Beloftes vir die toekoms re: die Koning, Edom en Araba</td><td>33 Hulle wat saam met die verterende vuur lewe, wat die Koning in sy skoonheid sien</td></tr>
<tr><td rowspan="2">GOD SE LOSPRYS</td><td>34 God se oordeel oor die nasies en Edom</td></tr>
<tr><td>35 God se vergelding kom / Vrygekooptes wandel op die Hoofpad van Heiligheid</td></tr>
<tr><td rowspan="13"></td><td rowspan="4">HISTORIESE TUSSENSPEL</td><td>36 Rabsakee vra Hiskia om Jerusalem oor te gee</td></tr>
<tr><td>37 Hiskia se gebede en God se belofte</td></tr>
<tr><td>38 Hiskia se siekte, gebed en redding</td></tr>
<tr><td>39 Hiskia ontvang Babiloniërs/ Jesaja profeteer Babel se verowering van Juda</td></tr>
<tr><td rowspan="9">DISKOERSE OOR/AANGAANDE:</td><td rowspan="9"></td><td>40</td></tr>
<tr><td>41</td></tr>
<tr><td>42</td></tr>
<tr><td>43</td></tr>
<tr><td>44</td></tr>
<tr><td>45</td></tr>
<tr><td>46</td></tr>
<tr><td>47</td></tr>
<tr><td>48</td></tr>
</table>



© 2023 Precept South Africa

| Segmentverdelings | | | Hoofstuktemas |
|---|---|---|---|
| | DISKOERSE OOR/AANGAANDE: | | 49 |
| | | | 50 |
| | | | 51 |
| | | | 52 |
| | | | 53 |
| | | | 54 |
| | | | 55 |
| | | | 56 |
| | | | 57 |
| | DISKOERSE OOR/AANGAANDE: | | 58 |
| | | | 59 |
| | | | 60 |
| | | | 61 |
| | | | 62 |
| | | | 63 |
| | | | 64 |
| | | | 65 |
| | | | 66 |

© 2023 Precept South Africa





© 2023 Precept South Africa 





© 2023 Precept South Africa


670 660 650 640 630 620 610 600 590 580 570 560 550 540 530 520 510
Konings van Babilon
Neo-Babiloniese Ryk
Neo-Babiloniese Ryk
Konings van Mede en Perse
Nabopolassar
626 605
Nebukadnesar
605
Nabonidus
556 539
Belsasar
553 539
Kores
539 530
Kambuses
530 521
Darius die Meder
539 525
Darius I Hystaspes
521 ...
605 v.C. Slag van Karkemis tussen Babilon en Egipte
Ewil-Merodag 562-560
Neriglissar 560-556
Labashi Marduk 556
539 Val van Babilonië
Smerdis 521
Ashurbanipal
669 633
Assur-etelilani 633-629
Sinsharishkun
629 612
Dekreet van Kores om terug te keer en tempel te herbou 538
Vernietiging van Jerusalem 586
Farao Nego van Egipte
609 594
Serubbabel keer terug, begin TEMPEL herbou 536
Werk aan TEMPEL gestaak 534
Werk aan TEMPEL hervat 520
Werk aan TEMPEL voltooi 516
1 Daniël en sy vriende in ballingskap geneem 605 v.C.
2 Esegiël en tien duisend gevangenes 597 v.C.
3 Juda in ballingskap geneem deur koning Nebukadnesar van Babilon in 586 v.C. Jerusalem en tempel verwoes
Babiloniese gevangenskap
Juda se drie fases van gevangenskap
605
70 jaar Joodse gevangenskap
Terugkeer van oorblyfsel na Israel
536 ...
2 Kronieke
34 36
2 Konings
22 23 24 25
Esra 1-6
536 516
Farao Nego vermoor Josia in oorlog
Manasse
... 642
Amon 2 jaar
Josia
640 609
Joagas (Jehoagas/Sallum) 3 maande
Jojakim (Eljakim)
609 597
Sedekia (Mattanja)
597 586
Jojagin (Gonja/Jekonja) 3 maande
Gulda
Nahum
650 620
Sefanja
636 623
Habakuk
621 609
Esegiël
593 559
Daniël
605 536
Jeremia
627 574
Haggai
520 ...
Sagaria
520 ...
670 660 650 640 630 620 610 600 590 580 570 560 550 540 530 520 510

## HOE OM 'N HOOFSTUKSTUDIE TE DOEN
### KOM ONS BEGIN!

*'n **Hoofstukstudie** help ons om te fokus op die detail in die hoofstuk om beter te verstaan wat die skrywer sê. Elke vaardigheid word gebruik om belangrike punte te beklemtoon.*

- **LEES MET 'N DOEL**

  Almal van ons het al 'n hoofstuk in die Bybel gelees, die Bybel toegemaak, en toe besef dat ons glad nie weet wat ons so pas gelees het nie . . . omdat ons doelloos gelees het.

  Om met 'n doel te lees ondersoek ons die teks met die 5 W- en H-vrae — *Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom* en *Hoe*. Byvoorbeeld, as ons Johannes hoofstuk 1 lees, vra ons vrae soos:

  - Oor ***wie*** handel hierdie gedeelte?
  - ***Wanneer***?
  - ***Waar*** was die Woord?
  - ***Wie*** is die Woord?
  - ***Wat*** het die Woord gedoen?

  Elke hoofstuk of vers sal nie al 5 W- en H-vrae oor 'n bepaalde onderwerp of persoon beantwoord nie, maar jy moet die vrae deurgaans in jou gedagtes vra terwyl jy die teks lees.

- **MERK SLEUTELWOORDE EN -FRASES**

  *Die merk van sleutelwoorde en -frases en die opstel van lyste help om die 5 W- en H-vrae te beantwoord.*

  SLEUTELWOORDE is belangrike en herhalende woorde in die teks wat ons in staat stel om die teks te verstaan. Merk sleutelwoorde en -frases in die hoofstuk op 'n onderskeidende manier, tesame met voornaamwoorde en sinonieme wat daarna verwys. Gebruik kleure en/of simbole.

  Byvoorbeeld: ***Woord*** is 'n woord wat herhaal word wat *onontbeerlik* is vir die verstaan van Johannes hoofstuk 1.

- **LYSTE**

  Die volgende stap is om lyste op te stel oor wat die hoofstuk oor elke sleutelwoord sê. Kyk op elke plek waar jy 'n sleutelwoord gemerk het en stel 'n lys op oor wat jy leer. Die gemerkte woorde is 'n eenvoudige visuele leidraad oor wat die teks sê.

  'n LYS is 'n samestelling van feite oor 'n bepaalde woord of persoon. Dit verskaf die antwoorde op die 5 W- en H-vrae (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe) oor daardie woord of persoon. Gebruik die woorde in die teks.

  'n Lys oor die ***Woord*** uit Johannes 1 kan as volg begin:

  - *was in die begin, v. 1*
  - *was by God, v. 1*
  - *was God, v. 1*
  - *was in die begin by God, v. 2*


© 2023 Precept South Africa

- **MERK EN EVALUEER**

KONTRASTE — sake wat van mekaar verskil en in die konteks teenoorgesteldes is.
Om 'n kontras te merk plaas so 'n simbool in die kantlyn by die vers(e): .

> Johannes 1:17: "*Want die **wet** is deur Moses gegee; (maar) die **genade** en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.*"

Let op na woorde wat as leidrade kan dien, soos *maar* en *nogtans.*

> Johannes 4:2: "*Hoewel Jesus self nie gedoop het nie, **maar** sy dissipels …*"

VERGELYKINGS — verwys na ooreenstemmende sake in die teks. Om 'n vergelyking aan te dui plaas 'n simbool in die kantlyn regoor die vers(e), so: . Let op na die woord *soos . . .*

> Johannes 1:14: "*… en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid **soos** dié van die unieke Seun van die Vader …*"

GEVOLGTREKKING / RESULTAAT / REDE — dui gevolgtrekking, opsomming of resultaat só aan: .

Let op na woorde soos *daarom, dus, gevolglik, want, omdat, om hierdie rede* ens.

> Johannes 1:7: "*Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, **sodat** almal deur hom kon glo.*"

UITDRUKKINGS VAN TYD — dui tyd, opeenvolging van gebeure of progressie aan. Plaas 'n sirkel in die kantlyn, . Let op na woorde soos *toe, daarna, wanneer, totdat, die dag van …, in die sterfjaar van.*

> Johannes 1:2: "*Hy was **in die begin** by God.*"

- **IDENTIFISEER ONDERWERPE OF TEMAS**

Identifiseer hoofonderwerpe, gebeure of feite in die hoofstuk deur dit paragraaf vir paragraaf te evalueer. Die Waarnemingswerkblaaie wat voorsien word, is in paragrawe ingedeel (volgens die *New American Standard Bible* se indelings). Die begin van 'n paragraaf word aangedui deur 'n donkergedrukte teksversnommer. In ander vertalings word paragrawe soms deur 'n paragraafsimbool of 'n inkeping aan die begin van die paragraaf aangedui.

Lees elke paragraaf en skryf in die kantlyn die gebeurtenis, onderwerp of hooffeit van die paragraaf.

Johannes 1:6-8: **6** *Daar was 'n man, gestuur deur God, wie se naam Johannes was.*

Johannes getuig van die Lig

7 *Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom kon glo.*

8 *Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.*

Om meer te leer oor hoe om 'n hoofstukstudie te doen, sowel as ander induktiewe studievaardighede, wil ons jou aanmoedig om 'n kopie van die boek *The New How To Study Your Bible* aan te skaf. Bestel die boek deur +27 (021) 531-1836 te skakel, vind dit aanlyn by shop.precept.org.za of besoek Precept South Africa by Ringwoodrylaan 187, Pinelands, 7405, Suid-Afrika.

© 2023 Precept South Africa

## OOR PRECEPT

Precept is in 1970 gestig in Chattanooga, Tennessee. Ons missie is om mense te betrek by ʼn verhouding met God deurdat hulle sy Woord leer ken. Deur die vervulling van ons missie hoop ons om Christene van alle ouderdomme en van verskillende plekke met die lewensveranderende waarheid van God se Woord te bereik. Precept publiseer Bybelstudiewerkboeke en lei Bybelstudieleiers op om studente soos jy te help om God se waarheid self te ontdek en om daardeur getransformeer te word.

Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke daad — elke dag — deur hul verhouding met Hom gevorm sal word. Met meer as 250 unieke titels van wisselende formaat het Precept ʼn Bybelstudie wat net vir jou geskik is. Dit is tans beskikbaar in 80 tale en word in nagenoeg 185 lande gebruik.

## ANTWOORD OP DIE ROEPSTEM

Noudat jy die Woord bestudeer, en biddend daaroor nagedink het, vra jouself af of daar iets nuuts is vir jou om te glo of te doen. Of het dit jou beweeg om jou lewe te verander? Dit is een van die baie verstommende en bonatuurlike gevolge van ʼn volgehoue studie van sy lewensveranderende Woord – dat God met ons praat.

By Precept South Africa glo ons dat ons God hoor spreek het oor ons aandeel in die Groot Opdrag. Hy het ons in sy Woord beveel om dissipels van mense te maak deur hulle te leer hoe om sy Woord te bestudeer.

As jy ons passie, om mense in God se Woord te vestig, met ons deel nooi ons jou uit om by ons aan te sluit! Sal jy dit biddend oorweeg om ʼn maandelikse bydrae tot die bediening te maak? Om dit te doen, kan jy die bedrag waarop jy besluit het, elektronies oorbetaal aan precept.org.za/get-involved/support-us, of die bedrag direk oorplaas na ons bankrekening. Stuur ʼn e-pos na support@precept.org.za vir meer inligting.

> PRECEPT MINISTRIES
> Standard Bank, Rondebosch Tak
> Rekeningnommer: 078 203 716
> Verwysing: ATC én jou naam.

Bid asseblief met die oog op hoe die Here jou sal lei om dié roepstem te hoor.

## KOOP MET ʼN PLAN

Wanneer jy boeke, studies en oudiomateriaal nodig het, koop dit asseblief by Precept by shop.precept.org.za. Ons besef dat jy sommige van genoemde artikels goedkoper by gewone kleinhandelaars kan kry, maar wanneer jy deur ons koop, word die opbrengs gebruik vir die ondersteuning van ons werk, soos om:

- meer studies in ander tale te vertaal,
- ons werk in Suid-Afrika en dwarsdeur Afrika te ondersteun,
- leraars en Bybelstudieleiers in Suid-Afrika en die res van Afrika op te lei,
- mense van alle ouderdomme toe te rus met lewensveranderende Bybelstudievaardighede.

Wanneer jy deur Precept koop, help jy om ander mense in God se Woord te vestig!


© 2023 Precept South Africa